

Trompette 5-6: Die gevaar van misleiding

Openbaring 8:13-9:21

12 Julie 2020

1. Laaste 3 trompette is drie “wee’s”: erger as vorige trompette, en hulle vorm ‘n eenheid
2. Vyfde trompet:
 - a. Beskrywing van die visioen
 - i. Onderaardse diepte is die plek waar bese geeste gehou word (Luk 8:31)
 - ii. Ster wat val is die Satan (Jes 14:12, Luk 10:18, Op 12:9, 9:11)
 - iii. Satan ontvang die sleutel van die Seun van die Mens (Op 1:18)
 - iv. Sprinkane verwys na 8ste plaag (Eks 10:12)
 - v. Detail van die sprinkane: tree op soos skerpioene, vreet nie plante nie, lyk soos perde gereed vir oorlog, iets soos krone van iets soos goud, gesigte soos mense, lang hare soos vrouens, tande soos leeus, gedruis soos strydwaens, beperk tot 5 maande se pyniging, Abaddon/Apollion as koning
 - vi. Joël 2:3-5
 - b. Impak van hierdie visioen
 - i. Fokus uitsluitlik op die wat nie die seël van God dra nie (vers 4)
 - ii. Mag nie ongeseeëdes doodmaak nie, net pynig, net 5 maande lank
 - iii. Die gevolg is hierdie mense wil doodgaan, maar die dood ontwyk hulle
 - c. Betekenis van die visioen
 - i. Satan en bese geeste verlei ongeseeëdes met aanloklike, dog ook afstootlike, vreesaanjaende en gevaarlike leringe/praktyke (Ef 2:1a-2)
 - ii. Verleidinge is onbevredigend, ongeseeëdes verloor hulle lus vir die lewe
 - iii. Deut 28:15, 27-29
3. Sesde trompet:
 - a. Beskrywing van die visioen
 - i. 4 Engele by Eufraatrivier losgelaat op spesifieke uur, dag, maand en jaar
 - ii. Hulle beskik oor ‘n groot leër: 2 x 10 000 x 10 000, ruiters op perde met kleurvolle harnasse, koppe soos leeus, bekke waaruit rook, vuur en swael kom om mense dood te maak, slangsterte om mense te pynig
 - b. Impak van die visioen
 - i. ‘n Derde van die mense gaan dood deur hulle lering
 - ii. Die res van die ongeseeëdes bekeer hulle egter nie
 - c. Betekenis van die visioen
 - i. Goddelose Babel verslaan goddelose Egipte by die Eufraat (Jer 46:1-2, 6,10)
 - ii. 4 Bese engele kan net ongeseeëdes doodmaak
 - iii. Hulle leër is ook bese magte, soos in 5de trompet. Hulle maak dood deur dit wat hulle leer, wat uit hulle bekke kom
 - iv. Hulle kan net doodmaak, kan nie bekering werk nie
4. Opsommend: God is in beheer. Gebede van gelowiges werk mee. Satan is instrument. God werp Satan op aarde. Satan met bese magte pynig ongeseeëdes met aanloklike dog inhoudlose verleidinge. Ongeseeëdes word ontnugter, verloor lus vir die lewe (5de trompet). Op ‘n sekere tyd, laat God hulle toe om selfs ‘n derde van ongeseeëdes dood te maak. Maar die res bekeer hulle steeds nie (6de trompet). Almal sal eventueel sterf (sewende trompet).
5. Toepassing: Wat is die dinge wat die 21ste eeu najaag? Hoe sinvol is dit? Waarop loop dit uit?